# DIE AFRIKANER EN DIE NAWEË VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG: OORWONNE OF OORWINNAAR?

**Leo Barnard***

***Summary***

*The hypothesis that needs to be answered, is how the Afrikaner succeeded in emerging as victorious from an apparently hopeless position at the end of the Anglo-Boer War. The Afrikaner was not only financially and spiritually impoverished but also had to tackle the aftermath of the war under Milner's watchful eye. A variety of factors, including an upsurge of nationalism, lessons from the international arena, solidarity and the advancement of his language and culture, stimulated the Afrikaner in raising himself to new heights.*

---

In 'n herbesinning van die Anglo-Boereoorlog (ABO) en veral die naweë daarvan, is een van die kernvrae wat dikwels na vore kom: Waar het die Afrikaner homself na die ABO bevind? Was dit 'n oorwonne en verslae volk, of tree die Afrikaner as oorwinnaar uit hierdie stryd? Vrylik vertaal sou oorwonne kon beteken dat 'n persoon/groep mense/volk verslaan is, 'n nederlaag gelei het, die onderspit gedelf het. Daarteenoor beteken oorwinnaar om die stryd te wen, 'n sege te behaal, die sterkste te wees. In 'n militêre sin kan dit selfs beteken om jou vyand te verneder, hom te verslaan.

Die vraag wat beantwoord moet word, is in watter een van hierdie twee kategorieë die Afrikaner hom na afloop van die ABO bevind het: 'n oorwonne volk, of die oorwinnaar?

Die uitbreek van die ABO in Oktober 1899 moet teen 'n bepaalde agtergrond gesien word. Teen die middel van die 19de eeu kom twee klein, onafhanklike, feitlik geïsoleerde Trekker-/Boererepublieke tot stand. Die stigting van hierdie politieke entiteite is in hoofsaak 'n reaksie op onder meer 'n verengelsingsbeleid wat deur die Britse Regering op die inwoners van die Kaap afgedwing is. Na byna vyf dekades

---

* Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

as onafhanklike state bevind die OVS en ZAR hulle teen die einde van die eeu in 'n gewapende stryd teen die wêreldmoondheid, Brittanje.

Dit is noodsaaklik dat daar kortliks na enkele kenmerke van hierdie 50 jaar van regering verwys word. Begrippe soos gevestigde belange, isolasie, uitdagende houdings teenoor wêreldmoondhede, eie grondwette, onafhanklike en uitstekend funksionerende regstelsels, onderlinge verskille en dan veral sterk militêre optrede teen die inheemse bevolking, selfs in 1881 teen Brittanje, trek die aandag. Op die vooraand van die ABO sou daar stellig beweer kon word dat die Boererepublieke hulle hoofsaaklik as oorwinnaars kon bestempel. Die doelwitte wat gestel is, is grootliks verwesenlik.

Maar dan breek die ABO uit.

Vir doeleindes van hierdie artikel, en ten einde die probleemstelling te kan beantwoord, is dit nou logies om die vraag te vra - hoe lyk dit in die Boererepublieke tydens en onmiddellik nadat die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 gesluit is?

Omdat daar al baie oor hierdie onderwerp gedink, nagevors, geskryf en dus bekend is, word slegs enkele hoogtepunte aangedui.

Dit lei geen twyfel dat die Boerevolk na die ABO verslae, verslaan, verneder, verskeur en selfs verag is nie. Nie slegs het meer as 27 000 vroue en kinders in konsentrasiekampe gesterf nie, maar duisende krygsgevangenes moes vanaf die uithoeke van die magtige Britse Ryk na 'n stuk verskroeide aarde terugkeer. Verder moet ook aanvaar word dat die Boere in hulle ergste oorlewingskrisis ooit gedompel is. Van normaliteit kon daar geen sprake wees nie, want die meeste boeregesinne het teruggekeer na uitgebrande en gestroopte plaashuise (meer as 30 000 daarvan) en na plase waar veestapels voor die voet afgemaai is. Hulle was letterlik tot die bedelstaf geslaan.

Voorbeelde uit die geskiedskrywing om hierdie argument te staaf is legio. Enkele voorbeelde is genoegsame bewys:

Milner sê na aanleiding van 'n besoek aan Wes-Transvaal in September 1902: "Here the people were beginning to resettle amid ruins. All this country has been fearful harried. We reached Hartebeestfontein after dark. The place is a total wreck."[1]

[1] Milner Papers, II, p.387.

'n Latere Eerste Minister van Brittanje, Ramsay MacDonald, het die Vrystaat na die oorlog in 1902 besoek en gee 'n breedvoerige beskrywing van sy waarnemings: "The country was as waste as the edge of the Sahara; about the only cattle we saw were carcasses rotting on the wayside; we passed only one farmhouse that was intact; we stopped at two villages, about one-fifth of one being destroyed, and of the other not a single roof remained." En verder - "one can see a good many destroyed farms from the railway; the west and north-west districts are extensively burned, and north and west of a line drawn about Winburg to Ficksburg, right up to the Transvaal border... few houses remain outside towns, and the towns, Bethlehem, Lindley, Reitz, Senekal, Vrede, etc. - all stand in all stages of destruction".[2]

In 'n doktorale proefskrif van David Dalcanton wat in 1973 by die Universiteit van Pittsburg in die VSA gepubliseer is, kom hy tot die volgende gevolgtrekking: "The Boer War left the Afrikaners an utterly defeated people. Not only were many of their homes and farms destroyed, but they were now under the total political domination of their most hated enemy. The Boers left themselves subservient in a country that they considered theirs and theirs alone."[3]

Robert Lacouer-Gayet voer die volgende argumente aan in sy onderskatte, vertaalde werk uit Frans, **A history of South Africa**: "The British were taking possession of a country that had been decimated, devastated and humiliated."[4] Om sy argument in reële terme uit te spel, gaan hy verder: "On October 27 1902 five months after the conclusion and peace, Lord Salisbury told the French ambassadors that it would take thirty years to organize South Africa."[5]

As daar in ag geneem word dat al bogenoemde standpunte beslis nie van Boerekant kom nie, is enige reaksie onnodig. Die bronne spreek vir hulleself.

Ongelukkig het daar min van Boerekant behoue gebly en daar word volstaan met enkele aanhalings uit 'n insiggewende verhaal van Sarah Raal,[5] gepubliseer onder die titel **The lady who fought**: "When we approached the farmhouse, I saw tears running down my dear father's cheeks. My mother turned her face so we couldn't see... of course there was no trace of our furniture, and the house was completely empty... everything had grown wild... almost all the big trees were dead... the

---

2 Ramsay MacDonald, **What I saw in South Africa**, p.243. soos aangehaal in GD Scholtz, **Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner**, deel V, 1899-1910, (Johannesburg, 1979) pp. 242-3.

3 David Dalcanton, **The Afrikaners and South Africa: A case study of identity formation and change**. Gepubliseerde proefskrif (Carnegie Institute of Technology, University of Pittsburg, 1973).

4 Robert Lacouer-Gayet, **A History of South Africa**, (Londen, 1977). p. 226.

5 **Ibid**.

water ditches were all overgrown and wild animals had moved into the house... I could see the look of helplessness on the faces of my father and mother... everything they'd sweated and worked for was destroyed and gone."[6]

Een van die treffendste verslae kom van Annette Terblanche in die biografiese studie van Emily Hobhouse tydens haar besoek aan Lindley: "Die dorp was 'n sonderlinge versameling van bouvalle, tente, 'n paar dakke, splinternuut wat hier en daar tussen die verwoesting uitgerys het... uiteindelik is ek by die huis van mnr. Kok tuisgemaak... die hele Lindley is te treurig en hoopverlore om oor te skrywe... Die Koks is so verarm dat ek nouliks durf om hulle kos te eet - die bed was sinkplaat; die vloer sou gerieflik gewees het in vergelyking... die vernielde stukke van hulle eertydse mooi huis lê voor hulle deur en sal seker nooit herbou kan word nie... hy is 'n opgevoede man. Die oorvloed wat daar vroeër in hulle lewe was, het nou in hulle ouderdom verander in skrynende armoede."[7]

Uit bogenoemde behoort dit vir die leser duidelik te wees dat die Afrikaner tot in sy diepste wese verneder en verarm was. Uit hierdie hoek gesien, kan die afleiding alreeds gemaak word dat die ABO die Afrikaner tot 'n oorwonne volk laat degenereer het.

Byna tot oormaat van ramp was daar egter verskeie ander uitdagings wat die Afrikaner in hierdie stadium van sy bestaan ernstig oor 'n rasionele voortbestaan moes laat nadink het. Die ABO het ongekende verskille in die geledere van die Afrikaner na vore laat tree. Hiermee word die verskille in standpunte voor, tydens, maar veral na die Groot Trek op generlei wyse geringgeskat nie. Vir enige student van die ABO is toeligting oor begrippe soos wapenneerlêers, hensoppers, "joiners", hanskakies, National Scouts, en dan ook die bittereinders nouliks nodig.[8] Feit is dat die optrede van hierdie verskillende groeperinge tydens die ABO normale samewerking in 'n opbouproses 'n groot uitdaging sou maak. Voeg daarby dat onderlinge verskille, twis en tweedrag 'n wesenskenmerk van 'n oorwonne volk is.

Die beleid van verengelsing[9] wat deur Alfred Milner as deel van die heropbouproses na die ABO gesien is, het juis die feit beklemtoon dat die Afrikaner 'n verslae, verslane, oorwonne volk was. Kompensasie in sy verskillende vorme was

---

6 Sarah Raal, **The lady who fought. A young woman's account of the Anglo-Boer War** (Plumstead, 2000), pp. 117-8.

7 Annette Terblanche, **Emily Hobhouse**, (s.l. 1948), pp.252-3.

8 Dirk van der Bank, **Die stryd om die behoud van die identiteit van die Afrikaner in die Oranjertvierkolonie, 1902-1910**. Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif, UVS, Junie 1993, pp.88-90.

9 'n Wye verskeidenheid bronne berig breedvoerig oor hierdie aspek. FA van Jaarsveld, **Van Van Riebeeck tot Verwoerd**, 1652-1966 (Johannesburg, 1971), pp. 211 e.v.; WK Hancock, **Smuts, The sanguine years**, 1870-1919 (Cambridge, 1962), pp. 176-7; K Ingham, **Jan Christiaan Smuts, The conscience of a South African** (Londen, 1986), pp. 44-7.

geen sukses nie. Dit het in die grootste meerderheid van gevalle eerder 'n verswakking in verhouding gebring en het veral die argument bevestig dat die Afrikaner byna apaties wat betref sy bestaan en ook voortbestaan begin word het. Milner se verengelsingsbeleid op die terrein van die onderwys, ekonomie, ens. het nie net as die voedingsbron hiervan gedien nie, maar was die direkte gevolg daarvan. Byna willoos moes die Afrikaner toesien hoedat 'n eensydige onderwysbeleid veral ten opsigte van die onderrig van Geskiedenis op sy mense afgedwing word. Drie duisend Engelse onderwysers is die land ingebring.[10] Verder moes die Afrikaner ervaar hoedat Sjinese arbeiders (meer as 50 000 van hulle) ingevoer word om as werksmag in die myne te dien.[11]

'n Noodwendige gevolg van die beleid van Milneranisme en 'n proses wat veral onmiddellik na die ABO ongekend versnel het, was die verstedeliking van die Afrikaner. Dunbar Moodie en FA van Jaarsveld kyk uit twee verskillende hoeke na hierdie gebeurtenis, maar hulle gevolgtrekkings bly hoofsaaklik dieselfde. Dunbar Moodie noem dit "the urban migration of poverty-stricken Afrikaners".[12] Sonder dat die Afrikaner dit noodwendig besef het, was hierdie gedwonge migrasie, bloot ter wille van 'n bestaan en om den brode, een van die uitstaande kenmerke van 'n oorwonne volk. Die eens statige Boerevolk wat bereid was om die magtige Britse leërs by minstens twee geleenthede die stryd aan te sê, moes as verarmde bywoners in stede en as onopgeleide arbeiders 'n heenkome vind. Hierdie gebeure het 'n proses aan die gang gesit wat vir dekades lank 'n bepalende invloed op die optrede en denke van die Afrikaner sou uitoefen.

Om die prentjie te voltooi, kan bygevoeg word dat die einde van die ABO ook 'n einde gebring het aan die Afrikaner se "wanderlust". Afrika noord van die Limpopo is deur koloniale magte beset; die Duitsers het SWA gekoloniseer; die Portugese het die laaste toevlugsoord toegestop. Die Afrikaner sou sy heil suid van die Limpopo- en Oranjeriviere onder 'n Britse vlag moes uitwerk.

As ons nou die situasie waarin die Afrikaner hom direk na die ABO bevind het, moet opsom, sou die volgende mos geen oordrywing wees nie: 'n Magtige en trotse volk wat deur onder meer sy optrede tydens en na die ABO oorwonne en verslae was. As die geskiedenis hier moes ophou, sou 'n mens dit half kon verwag. Deur bloot objektief die situasie te ontleed, kan 'n mens verwag dat dit die einde van 'n sterk beskawing, van 'n volk was...!

---

10 PJ Nienaber (red.), **Gedenkboek Generaal J.B.M. Hertzog** (Johannesburg, 1965), p. 88.

11 GDJ Duvenage, **Imperialisme en Nasionalisme - kerngeskiedenis van Suid-Afrika, 1886-1948** (Johannesburg, 1978), pp. 53-9.

12 T Dunbar Moodie, **The Rise of Afrikanerdom power, apartheid and and the Afrikaner civil religion** (Londen, 1975), p. 89.

Presies die teenoorgestelde het egter gebeur en die naweë van die ABO word die impetus van sy bestaan - dit word letterlik die Renaissance van die Afrikaner. Die vraag wat hier sentraal staan, is hoe die Afrikaner daarin kon slaag om wat oënskynlik as 'n onhoudbare verloorsituasie kan voorkom, te verander na dié van 'n wenner, van oorwonne na oorwinnaar.

Hierdie verandering sou net kon plaasvind as die Afrikaner bereid was om sekere lewenslesse te leer, om aanpassings in sy denkpatroon te maak, om in sekere opsigte drogredenasies uit sy verlede met helder, skerp-genuanseerde denke en optrede te vervang; om met voorheen geswore vyande saam te werk ten einde doelwitte te bereik, en om te aanvaar dat die militêre wyse van beslegting van verskille soms meer vrae skep as wat dit antwoorde bring.

Die enigste wyse waarop die Afrikaner hierdie denksprong kon doen, was om te aanvaar dat die volk bereid moes wees om sekere lesse te leer. 'n Kort bespreking van enkele hiervan is noodsaaklik.

'n Verlore militêre stryd waarin 'n volk in elke opsig verslae, verslaan, verneder is, het nie die einde van 'n volk beteken nie - die ABO was juis die kragtige impetus wat nodig was om die Afrikaner te leer wat die wesenskenmerke van die voortbestaan van 'n volk was. Dit het die Afrikaner geleer dat daar 'n lewe na die oorlog was en as jy lank genoeg kan uithou, 'n goeie lewe. Dit het geleer dat 'n volk nie vir die res van sy bestaan aan "'n vreemde" moondheid onderhorig en verslaaf hoef te wees nie. Hierdie absolute wysheid sou een van die heel laaste boodskappe wees wat die sieklike, maar steeds beminde, ou president Paul Kruger 14 dae voor sy dood op 29 Junie 1904 uit Clarence in Switserland aan sy oorwonne volk sou stuur: "Het is waar - veel van wat ons opgebouwd, is tans vernietig, vernield, gevallen. Doch met eenheid van zin en eenheid van krachten kan weer worden opgericht, wat tans verneder ligt... Maar die bitterheid zal worden verzacht, zoolang ik de overtuiging mag blijven koesteren dat het eenmaal aangevangen werk word voortgezet..."[13]

Dit is half ironies dat die geliefde president wat slegs 'n klein deeltjie van die hartseer en smart van sy mense persoonlik ervaar het, die waarheid op hierdie wyse aan sy mense moes deurgee.

'n Tweede les wat die Afrikaner na die oorlog geleer het, was dat daar deur middel van eenheid veel meer vermag kan word as deur tweespalt. Hoewel die skerp lyn van verdeling veral in sommige distrikte en ook families tussen die bittereinders en

13 HC Bredell en Piet Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger, Herinneringe soos meegedeel aan...* (Pretoria, 1947), p. 239.

die "joiners" en hensoppers voortgeduur het, was daar binne maande na die Vrede van Vereeniging daadwerklike pogings tot samewerking tussen die eens bittere vyande. 'n Enkele optrede van generaal Louis Botha is sprekend genoeg. By die geleentheid van die begrafnis van Paul Kruger op 16 Desember 1904 benadruk Botha die idee van eenheid, asook dat krag in eendrag lê. By dieselfde geleentheid kom De Wet met 'n sterk teenspraak en waarsku hy: "(W)ee hom wat die verlede nie voor oë hou nie."[14] Dit is nie duidelik presies waarop De Wet hier sinspeel nie, maar gesien teen sy latere optrede het hy klaarblyklik die Engelse in sy visier en nie samewerking in die geledere van die Afrikaner nie. Een waarheid het al meer tot die Afrikaner deurgedring: eendrag maak mag, want die tweedrag en onderlinge verskille was juis een van die waarskynlikste redes waarom 'n oorwinning op die slagveld, na die aanvanklike suksesse, al verder buite die bereik van die Boere geskuif het.

'n Verdere les wat die Afrikaner na die ABO moes leer, was dat nuwe omstandighede en nuwe uitdagings noodwendig nuwe leiers na vore stoot. So byvoorbeeld sou min mense dit tydens die ABO waag om die militêre leierskap van 'n generaal Christiaan de Wet in enige opsig te bevraagteken. Of as dieselfde situasie uit 'n ander hoek belig word: Wie word deur alle navorsers t.o.v. fasette van die ABO as die grootste militêre leier/strateeg beskou - CR de Wet of generaal JBM Hertzog? Daar kan mos geen twyfel bestaan wie dit was as selfs Europa moes erken dat De Wet 'n krygsleier by uitnemendheid was nie. Maar dan gaan die militêre fase verby en breek die tydvak van onderhandelings met die oog op vrede aan. Smuts en Hertzog gryp hierdie tydvak aan en word die spil waarom die onderhandelings en uiteindelik die vrede gaan.[15]

Hierdie tendens word na die oorlog voortgesit. Waar Hertzog, Botha en Smuts welsprekende/weldeurdagte politieke leiers word wat bekwame leiding verskaf, wat debatvoering en 'n geroetineerde lewe aanvaarbaar en selfs aangenaam vind, begin De Wet vinnig op die agtergrond skuif. Hy was 'n man van daad en het nie veel erg gehad aan toesprake, debatvoering en eindelose ure in kantore nie.[16] Die gevolg was dat hy in sy optrede vaag, onseker en onduidelik was. Veranderde omstandighede het 'n nuwe leierskorps na vore laat tree.

Die Afrikaner moes verder leer dat daar wat internasionale verhoudings betref, geen vriendskappe is nie, maar slegs belange. As onervare rekrute in die domein v[illegible]nasionale politiek het die afgevaardigdes, nl. Botha, De la Rey en De

14 JA C[illegible]zee, **[illegible]asieskap en politieke groepering in Suid-Afrika, (1652-1968)** (Pretoria, 1969), p. 216.
15 Aanhaling uit L Changuion se JBM Hertzog-gedenklesing.
16 Van der Bank, pp 314-6.

Wet wat in Augustus 1902 na Europa op 'n fondsinsamelingsveldtog vertrek het, gou uitgevind dat die sogenaamde weldoeners gedurende die oorlog, na Mei 1902 eie belang voorop gestel het. Is die skamele bedrag van £125 000 (R250 000) wat deur die gevierde Boeregeneraals ingesamel kon word, nie juis 'n sprekende voorbeeld hiervan nie?[17]

Uit die internasionale hoek gesien, was die les duidelik: of jy bly verkneg aan die oorheerser, of jy beding en wroeg vir jou 'n plek in die internasionale gemeenskap uit.

Een van die heel belangrikste lesse wat die Afrikaner in sy stryd om oorlewing moes leer, was dat 'n hernieude belangstelling in sy taal en kultuur hierdie impetus kon verskaf. In die geval van die Afrikaner na die ABO het dit in 'n verskeidenheid rigtings gemanifesteer. In sy interessante werk, **Ons volksfeeste,**[18] wys Pieter Kapp op die kernrol wat die Geloftefeeste (16 Desember) na 1902 in hierdie verband gespeel het. Sy gevolgtrekking is dat die Geloftefeesvieringe na die ABO enersyds as 'n spieëlbeeld van die Afrikaner se dieper geestesgewaarwordinge gesien moet word, maar ook andersyds as die grafiek van sy eie waardeskatting en volksgevoel. As hierdie uitspraak ontleed word, is dit duidelik dat dit direk aanleiding gee tot die ontkieming van die saad van Nasionalisme. 'n Opwelling van die Afrikaner-nasionalisme verskaf hierdie vonk om die Afrikaner te bly herinner dat die ABO nie die einde nie, maar juis die begin van die pad na volle nasieskap was.

'n Opwelling van die Afrikaanse taal, soos dit veral in die letterkunde tot uiting kom, moes die Afrikaner laat besef dat die Vrede van Vereeniging nie 'n doodloopstraat was nie, maar die begin van soveel groter dinge. Was die verskyning van Eugène Marais se "Winternag"[19] in Junie 1905 nie juis 'n sprekende voorbeeld hiervan nie? Was dit nie van die eerste kere dat die fyn gevoel vir die klankwaarde van skoonheid van die Afrikaanse woord geopenbaar sou word nie? Maar Marais was nie die enigste nie. Hy word spoedig gevolg deur die eerste geslag van Afrikaanse digters soos Totius (Jacob Daniël du Toit), Jan FE Celliers, C Louis Leipoldt en andere.[20]

Die ontboeseming van Jan Celliers in een van sy bekendste gedigte, "Dis Al", gee byna volmaakte uiting aan die gevoel van moedeloosheid, ontnugtering en totale verslaendheid by die Afrikaner na die ABO. Hierdie aanvanklike werke word spoe-

---

17 CJF Muller (red.), **Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis** (Pretoria, 1980), p. 372. Vergelyk ook WK Hancock, p. 243.

18 Pieter Kapp, **Ons volksfeeste**, in die reeks PW Grobbelaar (red.), **Die Afrikaner en sy kultuur** (Kaapstad, 1975), p. 67.

19 JC Kannemeyer, **Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur**, Deel I, p. 83.

20 Van der Bank, pp. 234-7.

dig gevolg deur prosaskrywers soos JHH de Waal, GR van Wielligh, dr. O'Kulis (Willem Postma) en historici soos Gustav Preller.

In die geval van die Afrikaner na die ABO word die geskrewe woord die katarsis - die loutering. Dit help hom om die hartseer en vertwyfeling te verwerk. Aan die ander kant bevestig dit weer die wete dat die oorlog nie 'n einde gebring het aan die Afrikaner en sy kultuur nie - dit het juis ongekende verdieping gebring en letterlik 'n Renaissance in die Afrikaanse letterkunde tot gevolg gehad.

As daar een les is wat die Afrikaner bo alles moes leer, was dit dat die verengelsingsbeleid van Milner nie noodwendig beteken het dat Afrikaans as taal sou verdwyn nie. Die heel belangrikste voorwaarde was egter dat daar vir die Afrikaanse taal, sy behoud en voortbestaan gestry moes word. Geen ander groep mense op aarde sou agiteer vir die behoud van die Afrikaanse taal nie. Daarmee saam moes ook die opleiding op skoolvlak van die hoofsaaklik plattelandse Afrikaanse kinders van die Vrystaat en die Transvaal gesien word. In wat as die CNO-skole bekend sou staan, het die Afrikaner verseker dat opleiding vir sy mense deur sy eie taal en sy eie opvoeders sou geskied.

Soos verwag kan word, word die onderwys en skoolstelsel van die Afrikaners na die ABO in byna elke gepubliseerde werk wat oor daardie tydperk handel in wisselende diepgang bespreek. Die beste kriptiese opsomming van hierdie gebeure kom dalk uit die pen van Piet (PJ) Nienaber in 'n hoofstuk in die **Gedenkboek vir Generaal Hertzog.**[21] Nadat hy die saak breedvoerig bespreek het en veral op die bekende onderwyswet van 1908 in die Vrystaat en 1912 in die Unie van S.A. gekonsentreer het, kom hy tot die volgende gevolgtrekking: "(A)s ons 'n studie maak van die onderwyswet van 1908 van generaal Hertzog, is dit baie duidelik dat sy stryd vir die erkenning van Hollands Afrikaans - *outeur se toevoeging* - nie geskei kan word van sy onderwysstryd nie - taal en onderwys was vir hom een... Hy wou die Afrikaner se selfrespek gehandhaaf sien deur die Afrikaner se taal op onderwysgebied gelyke regte te gee. Die Afrikaner en sy taal is op die agtergrond gedruk. Nou het hy (Hertzog) 'n baie sterk wapen in sy hand gehad; hy het maar net om gelykberegtiging gevra, en watter eerbare Engelssprekende wat so graag spog met 'British fair play' kon dit weier?"[22]

Uit bogenoemde moet dit mos duidelik wees dat die Afrikaner wat sy taal en kultuur betref nie die beleid van verengelsing goedsmoeds sou aanvaar nie. In sy verset is sy kulturele en taalbelange in elke opsig eerste gestel. Dit is dus duidelik waarom die taal en kultuur die voertuig word vir die groei van Afrikaner-nasiona-

---

21 PJ Nienaber (red.), pp. 118-29.
22 **Ibid.**, p. 129.

lisme. Dit trek die Afrikaner letterlik op uit die wanhoop, angs en vertwyfeling van die afloop van die ABO.

In die verbygaan word slegs verwys na die feit dat die Afrikaner ook daarin geslaag het om hom op politieke gebied te verskans. Die totstandkoming van die Het Volk Party (1907) in die Transvaal, asook die Orangia Unie (1908) in die Vrystaat is 'n stawende bewys hiervan.[23] Die politieke wasdom wat die Afrikaner jare later sou bereik, was 'n direkte gevolg van hulle optrede na die ABO.

Uit bogenoemde moet dit duidelik wees dat die Afrikaner beduidend sterker uit die ABO getree het as wat verwag kan word. Natuurlik moes die trauma van die oorlog verwerk word. Dit kan tog in geen volk se klere gaan sit dat 27 000 vroue en kinders in konsentrasiekampe gesterf het nie.[24] Om nie eens te praat van die verliese op die slagveld of in krygsgevangenekampe dwarsoor die Britse Ryk heen nie. André Wessels praat van die "geestelike en sielkundige littekens" van die ABO wat tot diep in die nuwe millenium uitgedra is.[25]

Ter afsluiting: Geen navorser, al word daar ook vanuit enige denkbare hoek daarna gekyk, kan sy oë sluit vir dit wat die ABO aan die Afrikaner gedoen het nie. Dit sou mos nie onvanpas wees om byna soos 'n Jan Celliers uit te roep: vergewe, maar nooit vergeet nie. As die geskrifte wat direk na die ABO verskyn het in ag geneem word, sou 'n logiese afleiding wees dat die Afrikaner 'n oorwonne volk was, verslae en verneder. En om die sout dan dieper in die wonde te vryf, word die gehate Milner aangestel om die heropbouproses af te handel.

Vanweë 'n verskeidenheid redes het die Afrikaner egter ook die innerlike krag gehad om bo die oomblik uit te styg. Die naweë van die ABO het vir die Afrikaner waardevolle lesse geleer. Soos in die teks beskryf, was dit nie altyd maklik nie, want die pynlike ervaring van vernedering sou nie so maklik uit die leefwêreld van die Afrikaner verdwyn nie. Ten einde te bly oorleef, is die Afrikaner gedwing om reuse verskuiwings in sy denkpatrone te maak. Emily Hobhouse kon vanweë haar humanitêre optrede nie suiwer afgemaak word as nog 'n Engelse persoon nie - tewens, sy word die liefling van die Afrikanervolk.

---

23 DW Krüger, **The Age of the generals. A short political history of the Union of South Africa, 1910-1948** (s.l. 1958), pp. 26-7. Vergelyk ook Duvenage, pp. 60-1.

24 JD Kestell en DE van Velde, **De vredesonderhandelinge tusschen de regeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de verteenwoordigers der Britsche regering, welke uitliep op den vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten** (Amsterdam, 1909), pp. 10 e.v.

25 André Wessels, "Die traumatiese nalatenskap van die Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, 26(2), Desember 2001, p. 1.

Die naweë van die ABO het die Afrikaner verder laat besef dat bevryding nie noodwendig op die militêre slagveld gevind word nie. Jy mag militêr oorwonne wees, maar kan deur jou optrede as oorwinnaar uit die stryd tree. Die Afrikaner moes leer dat die vyand jou oorwonne maak, maar dat 'n volk hom as oorwinnaar kan ophef. Dit is tog absurd om van die Britte te verwag om die verslane Boerevolk direk na die ABO tot die oorwinnaar te verhef. Die rol van die Britte sou tog by uitnemendheid moes wees om te verdeel ten einde te heers. Die eenvoudige waarheid is dat slegs die Afrikaner sy eie Renaissance kon bewerkstellig. Daarby moet die feit deurentyd voor oë gehou word dat die geskiedenis van 'n volk, en daarmee saam ook 'n nasie, nie in terme van dekades of selfs eeue gemeet kan word nie.

Uit hierdie hoek gesien sou die ABO slegs bestempel kon word as een van die krisismomente in die Afrikaner se bestaan.

Vir die Afrikaner was die vraag wat na die ABO beantwoord moes word, heel eenvoudig: bly die Afrikaner oorwonne, of word hulle as gevolg van die oorlog die oorwinnaars?

Bloot die feit dat ons na 100 jaar die ABO op hierdie wyse herdenk en die feesvieringe op so 'n wyse afsluit, bewys dat die uiteindelike oorwinnaar van die ABO die Afrikaner was.